

Afrikaanse Spreekwoorde

— L.V. —

Verwante Vorme

DEUR

D. F. MALHERBE

Professor in Afrikaans aan die Grey Universiteitskollege,
Bloemfontein.



Afrikaanse Spreekwoorde

— EN —


Verwante Vorme

DEUR

D. F. MALHERBE,

Professor in Afrikaans aan die Grey-Universiteitskollege,

Bloemfontein.



VOORWOORD.

Wie op die terrein van 'n volk se spreekwoordeskat werk-saam is, moet by alle waters drink: by die wye see van die lewende volkspraak, by riviere en spruite, by die fonteine en syferplekke van die volk se verre verlede, sowel as by enige ander stroom of bron wat die wydvertakte wetenskap tot sy beskikking stel. Om dié rede, sowel as weens die feit dat hy uitgaan van die menigvuldig geskakeerde volkspraak wat gedurig verander, sal sy taak nooit afgedaan wees nie, soos trouens alle leksikografiese arbeid om verbetering en aanvulling roep. En waar ek insig wil verskaf aangaande ontstaan en groei van ons spreekwoorde en uitdrukkinge, was dit nie my bedoeling om meer as 'n seker gedeelte van die groot voorraad te bewerk nie, anders sou meer as een boekdeel nodig gewees het. Want naas 'n greep uit die volheid van ons taalskat wou ek ook die weg aanwys waarlangs die kennis van ons spreekwoorde en uitdrukkinge kan uitgebrei word.

Dit is heel lang gelede sedert ek met hierdie werk begin het, hoewel dit gedurig onderbreek is, somtyds deur reekse van jare heen, omdat ander dringender werksaamhede my aandag geëis het. En hierby sou die lastige werk om boustowwe te versamel my grootliks bespaar gewees het, as die twee versamelinge van Afrikaanse spreekwoorde ens. wat in 1920 en 1922 respektiewelik verskyn het en in Hoofstuk I bespreek word, jare vroër uitgegee is. Want omstreeks hierdie tyd was my eie versameling reeds ver genoeg gevorderd vir my doel.

Wat aangaan gebruikmaking van uitdrukkinge in ander tale is op te merk dat Nederlandse ekwiwalente soveel moontlik aangegee word, omdat Nederlands die hooftfaktor is met die oog op oorerwing, terwyl met die afwesigheid van so 'n ekwiwalent nie wil beweer word dat hy nie in Nederlands bestaan nie. Later ondersoek, veral die verskyning van meer Nederlandse dialekwoordeboeke, en intieme aanraking met die Nederlandse spreektaal, wat 'n mens uiteraard in Suid-Afrika mis, sou wel instaat wees om meer as een verrassende ooreenstemming aan te vul. Van Duitse, Franse en Engelse ekwiwalente is dié uit Duits met meer volledigheid aangegee omdat hierdie taal veral in sy Nederduitse vertakkinge soveel nader verwant is aan Nederlands en ook van uit 'n oorerwingstandpunt meer waarde het vir Afrikaans as die ander.

IV.

Āfrikaanse spreekwoorde en uitdrukkinge wat voortsettinge is van algemeen gangbare Nederlandse, is byna sonder onderskeid ook hier so gewoon dat 'n kwalifikasie soos *algemeen* kon uitbly.

Hoofletter B tussen hakies agter kopstukke in die versameling dui aan dat die spreekwoord of uitdrukking aan die Bybel ontleen is.

Almal wat my met meedeling van diens was, wil ek langs hierdie weg my erkentlikheid betuig, maar veral en in besonder mate is ek dank verskuldig aan my eggenote wat onder velerlei bedrywigheid die tydrawende saamstelling van die *Bladwyser* verrig het.

Dat hierdie boek vir menigeen 'n prikkel mag wees tot verder ondersoek, 'n hulp in die oplossing van vraagstukke, menigeen mag vervul met liefde vir die onbewuste geestesarbeid van die voorgeslag en met vreugde aan die gesonde groei van so gewonne kultuurbesit, dat die boek mag opwek tot waardering van die rykdom van beeld en krag in die Afrikaanse taal, gegroei onder nood en dwang, maar nou vrugdraend met sy wortels diep in die volkshart, maar nou toenemend as volkskrag by bewussyn van sy meerderjarigheid, is die wens van

DIE SKRYWER.

Bloemfontein,

Desember, 1924.

INHOUD.

HOOFSTUK I.

DIE STÜDIE VAN AFRIKAANSE SPREEKWOORDE EN VERWANTE VORME I

HOOFSTUK II.

ALGEMENE BESKOUINGE.

TAALONTWIKKELING VAN SINLIK TOT ABSTRAK ...	17
HERWINNING VAN BEELD	19
BEGRIPSBEPALING	21
ONTSTAAN VAN SPREEKWOORDE	24
SPREEKWOORD ENS. EN VOLKSKARAKTER	25
DIE VORM VAN DIE SPREEKWOORD	31
Innerlike vormverskynsels	32
(a) Beeld	32
(b) Venpersoonliking	34
(c) Verbloeming	35
(d) Oordrywing	37
(e) Ironie	37
Uiterlike vormverskynsels	38
(a) Parallelisme	38
(b) Ritme en rym	39
(c) Ander vormmiddele	41
Die verhalende vorm van die spreekwoord	41

HOOFSTUK III.

AFRIKAANSE SPREEKWOORDE EN VERWANTE VORME IN HISTORIESE VERBAND.

OORERWING	43
WYSIGING	48
VERLIES	51
NUWE ONTSTAAN	55
Die ossewa	56
Jag	58
Landbou en veeteelt	58

Dierwêreld	59
Dierstorie	59
Ander terreine	60
OUDERDOMSKWESSIE	61
VREEMDE INVLOED	65

HOOFSTUK IV.

BYBEL, GODSDIENS, LEKTUUR	76
----------------------------------	----

HOOFSTUK V.

VOLKSHUMOR, SKERTS- EN SPOTLUS	90
Slaan	91
Dronkenskap	93
Bedrog	93
Verlief wees en vry	94
Ander gesigspunte	96

HOOFSTUK VI.

SPREEKWOORDELIKE PERSOONLIKHEDE	104
--	-----

HOOFSTUK VII.

ALFABETIESE LYS VAN SPREEKWOORDE, ENS.	107
---	-----

BLADWYSER	362
LYS VAN HULPMIDDELE	391